



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 10**

**NOVEMBER 2020**

**REKENINGKUNDE V2  
(EKSEMPLAAR)**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n 7-bladsye antwoordeboek.

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur en volg dit noukeurig.

1. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
2. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
3. Jy mag 'n nie-geprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
4. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
5. Alle bewerkings moet tot EEN desimale plek getoon word, waar van toepassing.
6. 'n Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir beantwoording ter vraag te hou.

<b>VRAAG 1: 45 punte; 36 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
<b>Kosteberekeninge en Etiek</b>	<b>Bestuursrekeningkunde</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vervaardigingskonsepte en basiese koste berekeninge</li> </ul> <b>Bestuur van Hulpbronne</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Etiek</li> </ul>
<b>VRAAG 2: 45 punte; 36 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
<b>BTW en Krediteureversoening</b>	<b>Bestuur van Hulpbronne</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• BTW konsepte en berekeninge</li> <li>• Krediteurekontrole en Krediteurelys</li> </ul>
<b>VRAAG 3: 30 punte; 24 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
<b>Begrotings</b>	<b>Bestuursrekeningkunde</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Berekeninge</li> </ul> <b>Bestuur van Hulpbronne</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Interne Beheer</li> </ul>
<b>VRAAG 4: 30 punte; 24 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
<b>Vaste bates, Verhoudings en vertolkings</b>	<b>Bestuur van Hulpbronne</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vastebate</li> <li>• Ontleding en vertolking van Finansiële state</li> </ul>

**VRAAG 1: KOSTE-BEREKENINGE EN ETIEK****(45 punte; 36 minute)**

UTH Sportdrag is 'n klein onderneming wat rugbytruie vervaardig en dit aan die plaaslike skole verskaf. Gedurende Maart 2020 het die onderneming 10 460 truie vervaardig.

**1.1 VERVAARDIGINGSKONSEPTE**

1.1.1 ... bly onveranderd ongeag die aantal eenhede vervaardig. (1)

1.1.2 Definieer die volgende en gee voorbeelde:

- Direkte arbeid (4)
- Indirekte arbeid (4)

1.1.3 Primêrekoste bestaan uit ... en ... (2)

**1.2 KOSTE-BEREKENINGE****Bereken die volgende:**

- Direkte materiaalkoste (3)
- Direkte arbeidskoste (2)
- Fabrieks/ Vervaardigingsbokoste (8)
- Totale Koste van Produksie (5)
- Eenheidskoste per trui (4)

1.3 UHT kry hul materiaal uit China. Weens die hoë vervoer- en invoerkoste, het hy besluit om 'n goedkoper plaaslik vervaardigde materiaal te gebruik. Hy voel dat sy kliënte dit nie sal oplet en dat hy nie sy verkoopprijs sal hoof te verminder nie. Watter raad/advies sal jy aan UHT gee? Gee DRIE punte. (6)

1.4 Die rekenmeester is besorg dat die verkope vir die jaar met 25% gedaal het en die koste van verkope is hoër as die vorige jaar. Dit was weens die verhoging in die wolprys en die vervoerkoste. As die verkope van verlede jaar R400 000 was en die winsgrens 50%, bereken:

- Die verkope vir die huidige jaar (5)
- Die koste van verkope vir die huidige jaar (5)

**INLIGTING:****Koste vir Junie 2020**

Fabriek (materiaal) wat gebruik word in vervaardiging van truie	R280 000
Wapens, nommers en logos	42 500
Salarisse en lone:	
Fabriekbestuurder	28 700
Boekhouer	25 600
Masjien-operateur	215 500
Huuruitgawe totaal (40% toegewys aan die fabriek)	28 200
Water en Elektrisiteit (3/5 toegewys aan die fabriek)	12 600
Fabriekuitgawes	8 200

**VRAAG 2: BTW EN KREDITEUREVERSOENING****(45 punte; 36 minute)**

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommers (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK.

2.1.1 Die twee kategorieë registrasies deur ondernemings vir BTW doeleindes staan as Uitset-BTW en Inset-BTW bekend.

2.1.2 Belastingvermyding is onwettig en strafbaar deur die wet.

2.1.3 Uitset-BTW is BTW wat van klante verkry word.

2.1.4 Inset-BTW is BTW wat betaal word wanneer goedere en dienste deur die onderneming aangekoop word.

2.1.5 Fooie betaalbaar vir opvoeding is 'n voorbeeld van BTW vrygestel van goedere en dienste. (5)

2.2 Voltooi die volgende tabel:

Nr.	Totaal wat Kleinhandelaar aan verskaffer betaal	Inset-BTW	Kleinhandelaarse werklike kosprys	% Wins-Opslag	Kleinhandelaars Verkoopprys	Uitset-BTW	Kleinhandelaar ontvang vanaf Klant
1.	1 375,40		1 196	50%	1 794		2 063,10
2.	3 648			25%			
3.				20%	3 600		
4.				10%			440,00

(17)

2.3 Jy word voorsien met inligting ten opsigte van AB Handelaars:

**GEVRA:**

2.3.1 Stel die korrekte KREDITEUREKONTROL-rekening op 31 Oktober 2020. Neem aan dat alle Joernale behoorlik afgesluit is, gevolglik moet alle foute en weglatings deur die Algemene Joernaal gedoen word. Saldeer hierdie rekening. (12)

2.3.2 Stel 'n opgedateerde KREDITEURELYS op 31 Oktober 2020 saam. (11)

**Inligting:**

Die volgende Krediteurekontrole- rekening en Krediteurelys was deur 'n onervare boekhouer in die boeke van AB Handelaars voorberei.

**Krediteurekontrole**

2020 Okt	1	Saldo	a/b	54 750	2020 Okt	31	Bank	KBJ	40 000
	31	Diverse Rekeninge	KJ	49 800			Korting ontvang	KBJ	750
		Bank	KBJ	1 100			Diverse rekeninge	KAJ	1 200
		Joernaal debiete	AJ	290			Joernaal krediete	AJ	670
							Saldo	o/d	63 320
				<b>105 940</b>					<b>105 940</b>
Nov	1	Saldo	a/b	63 320					

**Die Krediteurelys toon die volgende saldo's voor die regstellings:**

	Debite	Krediete
Teejay Beperk		31 700
Mahogany Handelaars		13 550
Priti Verspreiders		7 800
Riso Handelaars		11 500
		<b>64 550</b>

**Addisionele Inligting:**

Die volgende inligting was nie in ag geneem met die voltooiing van die hulpjoernale:

- 'n Faktuur vir voorraad op krediet aangekoop op 26 Oktober 2020 van Teejay Beperk was nie aangeteken nie. Die faktuur toon 'n kosprys van R3 400 aan.
- Daar is 'n optel fout in die hulp grootboekrekening van Mahogany Handelaars. Hulle saldo is onderberekend met R750.
- Riso Handelaars het 'n kontantkorting van R450 toegestaan. Hierdie was verkeerdelik in die KBJ as R250 aangeteken.
- 'n Bedrag van R210 in die Krediteureafslagjoernaal vir Oktober 2020 was per ongeluk oorgeboek na die verkeerde kant van die krediteur Priti Verspreiders se rekening.
- Voorraad ter waarde van R800 was teruggestuur na Teejay Beperk. Die inskrywing was korrek in die Krediteureafslagjoernaal aangeteken. Die inskrywing was nie in die krediteur se rekening aangeteken nie.

**VRAAG 3: BEGROTINGS****(30 punte; 24 minute)**

Jy is die tesourier van die skool Enviro-klub wat in Nelson Mandela-Baai gelee is. Die klub wil 'n besoek aan die Upington Wetenskaplike Sentrum gedurende die Junie skoolvakansie doen.

**GEVRA:**

- 3.1 Verduidelik waarom dit belangrik is om 'n begroting op te stel. Gee TWEE punte. | (4)
- 3.2 Bereken die totale koste vir lede vir vervoer. (5)
- 3.3 Bereken die volgende:
- 3.3.1 Totale subsidie vir lede vir verblyf en totale subsidie vir maaltye (4)
- 3.3.2 Die koste vir verblyf vir drie dae (4)
- 3.4 Bereken die koste vir lede vir maaltye en verversings. (4)
- 3.5 Bereken die totale koste vir lede vir die toer. (4)
- 3.6 Bereken die bydrae benodig per lid. (3)
- 3.7 Wat kan die klub doen om die lede se bydrae te verminder? Gee EEN punt. (2)

**INLIGTING:**

- (a) Die klub het 20 lede.
- (b) Die koste van die toer sal die volgende insluit:
- Vir vervoer is dit die huur van twee minibusse. Elke bus vra R8,50 per kilometer. Upington is 725 kilometer van Nelson Mandela Baai af.
  - Vier vakansie-huisies sal benodig word om die lede vir drie aand te huisves. Die totale koste sal R2 350 per huisie per aand wees.
  - Maaltye en verversings sal R450 per lid vir die duur van die toer wees.
  - Toegangsfooie by die Wetenskaplike Sentrum is R80 per persoon. (Oos-Kaap Science Expo borg die klub).
- (c) Die skool is bereid om vir elke lid met R300 te subsidieer vir hul verblyf en maaltye.

**LET WEL:** R180 vir maaltye en R120 vir verblyf wees.  
Die SBR dra R3 150 by tot die vervoerkoste.

**VRAAG 4: VASTE BATES VERHOUDINGS EN VERTOLKINGS****(30 punte; 24 minute)****4.1 Vaste Bate**

Gebruik die gegewe inligting om die Vaste Bate Register van Twinkle Handelaars te voltooi. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie elke jaar: (16)

- 'n Voertuig was aangekoop op 1 September 2017 vir R550 000 van Teddy Motors. Waardevermindering word teen 15% p.j. op kosprys bereken.
- Toerusting was op 1 March 2018 aangekoop vir R600 000 van Ludz Handelaars. Waardevermindering word bereken teen 20% p.j. op die verminderde saldo-metode.

4.2 Die Bate Register is 'n waardevolle instrument in die bestuur van bates. Waarom? Gee EEN rede. (2)

**4.3 Verhouding Ontledings**

Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die boeke van TK Handelaars vir die finansiële jaar wat geëindig 28 Februarie 2020:

Verkope	R450 500
Koste van Verkope	R ?
Brutowins	25 % van Verkope
Bedryfsuitgawes	R67 500
Nettowins	R67 575

**Gevra:**

Bereken die volgende:

- (a) Brutowins (3)
- (b) Koste van Verkope (3)
- (c) Persentasie Brutowins op Koste van Verkope (2)
- (d) Persentasie nettowins op Verkope (2)
- (e) Die eienaar vra vir raad/advies hoe die persentasie nettowins op verkope tot ten minste 20% vermeerder kan word. (2)

<b>30</b>
-----------

**TOTAAL: 150**

**BYLAE A  
FORMULEBLAD GRAAD 10**

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	Bedryfsbate: Bedryfslaste	
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	(Bedryfsbate – Voorraad): Bedryfslaste	
$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	Totale Bate: Totale Laste	